VERLENGDE INPERKING
HERDERSBRIEWE DEEL 2

28 APRIL 2020
HERDERSBRIEF #10B

Geliefde Gemeente,

Ons word tans oordonder met beriggewing deur die nuusmedia aangaande die pandemie. Die rolspelers, in ons geval, is die Nasionale bevelsraad – wat bestaan uit 28 lede, waarvan 20 parlementariërs is en 8 bykomende persone. Ons word in ‘n spesifieke denkrigting, ingedwing. Die vraag kan gevra word: hoe word ons in ons **besluitneming** beïnvloed?

**Besluitneming**, beïnvloed en bepaal ons menswees. Heinz Konzalik verklaar: *“Die mens is ‘n kuddedier.”* Massa-suggestie – die opdring van ‘n mening aan ons – speel ‘n baie belangrike rol. Dit is, uit die aard van die saak ‘n duidelike beïnvloeding. Sosiale sprekers, soos die onderwys, politieke- en geestelike leiers, word tot verantwoordìng geroep.

In Christus se Koninkryk, is die werking van die Heilige Gees – ten opsigte van *oortuiging*, *onderskeiding*, ‘n *woord van kennis*, ‘n *woord van wysheid* – ‘n absolute manifestasie van die leiding van die Heilige Gees noodsaaklik.

Kan ons, ons indink hoedat **misleiding** – as teenwig ons in ons besluitneming – in ‘n negatiewe rigting dwing.

Die wonder bly egter dié feit: *dat God ons nie as wese agtergelaat het nie*, maar die Heilige Gees gestuur het, om as **Trooster** elkeen van ons te leer en te lei in alle waarheid – ***Joh. 16:13***.

Om dit eenvoudig te stel: **MOET NOOIT ‘N BESLUIT NEEM**, indien jy nie absoluut seker is, dat dit ooreenkomstig die wil van God is nie.

Ten opsigte van bogenoemde, is dit ‘n MOET om voortdurend met die Heilige Gees vervul te wees – ***Ef. 5:18 “Moenie dronk word van wyn nie; daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul.”*** Die **Persoon van die Heilige Gees** sluit in al nege **gawes** – ***1 Kor. 12: 8-10*** *“Want aan die een word deur die Gees ‘n woord van wysheid gegee, en aan die ander ‘n woord van kennis vanweë dieselfde Gees; aan ‘n ander weer geloof deur dieselfde Gees, en aan ‘n ander genadegawes van gesondmaking deur dieselfde Gees; aan ‘n ander werkinge van kragte, aan ‘n ander profesie, aan ‘n ander onderskeiding van die geeste, aan ‘n ander allerhande tale, aan ‘n ander uitleg van tale”;* asook al nege **vrugte** van die Heilige Gees – ***Gal. 5:22*** *“Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.”*

Die EKD-bediening moet ‘n Heilige Gees vervulde bediening wees. Dan sal Christus geopenbaar word en ons toekoms versekerd wees.

Liefdegroete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

*15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA*
*+27 12 543 0333*
*+27 12 567 7010*
*forum@ekdgenesis.com*
www *ekdgenesis.com*
*EKDGENESIS NPO1811131335*